# Feite en Wenke

Met Komplimente van die Afrikaanse Onderwysnetwerk

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk

## Wanneer ouer kinders leer om 'n skêr te gebruik



Besoek ons webwerf: www.aonetwerk.co.za.

*Geskryf namens die AON deur Lizette van Huyssteen van die Practica Program*

### + Baie kinders word vir die eerste keer op 5- of 6-jarige ouderdom aan 'n skêr bekendgestel

Terselfdertyd is daar kinders wat al op 2 jaar voorbereidende aktiwiteite doen, op 3 jaar snip, op 4 jaar op 'n breë lyn en al met 'n boog langs knip, en op 5- en 6-jarige ouderdom hul hande só goed saam gebruik dat hulle begin om prente uit te knip.

### + Hoe nou gemaak? Is daar 'n blitskursus vir ouer kinders?

Ouer kinders leer wel vinniger, maar hulle het nog steeds heelwat oefening nodig, want – alhoewel dit lyk asof dit maklik behoort te wees om 'n skêr te leer gebruik – bly dit 'n komplekse vaardigheid. En ***almal*** moet leer knip omdat dit hul hande voorberei om maklik te leer skryf.

***Beginners van alle ouderdomme moet deur dieselfde stappe vorder om 'n hele verskeidenheid ondersteunende vaardighede in te oefen wat saam nodig is om suksesvol te leer knip***

### + Knipvaardighede ontwikkel altyd in 3 fases:

**1. Die snip-fase (gewoonlik op 3 jaar)** behels dat die kniphand leer "snip" deur die skêr met elke knipslag heeltemal toe te maak.



Die twee hande werk nog nie saam nie, en die kind fokus grootliks op die kniphand se bewegings. Die helperhand is só onaktief dat dit normaal is dat kinders wat leer snip soms skoon vergeet om die papier op te tel wanneer hulle knip.

**2. Die reguitlyn-en-boog-fase (gewoonlik op 4 jaar)** behels dat die kniphand vorentoe knip (dus herhaaldelik snip) sonder om die papier te skeur. Die helperhand hou die papier nou vas, maar stuur dit nog nie om van rigting te verander nie. Kinders kan gevolglik nog net op reguit lyne of om die ronding van 'n groot boog (wat soos 'n reënboog lyk) knip deur die skêr te draai om naby die ronding te bly. (Regshandige kinders knip nou van regs na links op 'n boog, en linkshandige kinders volg 'n boog van links na regs.) Wanneer die kniphand nie verder om 'n boog kan beweeg nie, stop die kind, en begin weer knip met die helperhand in 'n nuwe posisie.



**Kinders kan in fase 2 leer om 'n groot sirkel rofweg uit te knip omdat 'n sirkel in der waarheid uit 2 boë bestaan.*

**3. Die dinamiese helperhand-fase (gewoonlik op 5–6 jaar)** behels dat die kniphand ritmies knip en die lemme net sowat halfpad toemaak sodat die binnekant van die lemme heeltyd op die lyn kan bly. Die twee hande leer tydens hierdie fase om só goed saam te werk dat die kniphand later leer om vinniger en stadiger te beweeg soos wat die helperhand die papier draai. Die skêr stop op elke hoek met die lemme half-oop sodat die helperhand die papier kan draai.



Dis interessant om dop te hou hoe die helperhand oor tyd leer om die papier deurlopend te stuur en draai sodat die kniphand gemaklik in een posisie kan bly.

**Onthou dat ouer beginners se vordering gemeet word aan hoeveel hulle in elke fase oefen en vorder – nie volgens ouderdom nie**

## Wenke

### + Help om ouer kinders se verwagtings te bestuur.

Ouer kinders meet hul sukses dikwels aan hoe mooi hulle prente kan uitknip, en voel dan teleurgesteld wanneer hierdie mylpaal hulle lank ontwyk. Benadruk dat dit eers belangrik is om 'n vloeiende knipritme te ontwikkel, en om die helperhand so aktief te kry dat dit die papier doelbewus kan draai (sonder dat sy posisie elke keer hoef te verander). Hierdie mylpale is allerbelangrik omdat kinders maklik sal kan leer hoe om patrone, vorms en prente uit te knip as hulle dit bemeester het.

### + Staan genoeg tyd af aan voorbereidende aktiwiteite, en hou op die agtergrond daarmee vol

Ondersteunende aktiwiteite versterk handspiere en ontwikkel koördinasie. Dit sluit aktiwiteite in soos om hande ritmies op die maat van 'n gedig of liedjie oop

en toe te maak, papier te skeur, krale in te ryg, met speelklei te speel, en wasgoedpenne te gebruik.

Dis ook belangrik om linkshandige skêre te voorsien aan kinders wat dit nodig het, en vooraf vir beginners geleentheid te gee om te oefen hoe om 'n skêr reg vas te hou en dit oop en toe te maak – met die regte vingers in elke ring.

### + Moenie te vinnig aanbeweeg van fase tot fase nie, om te verseker dat die volgende ontwikkel:

1. **Konsentrasie:** Opdragte moet ***stadig moeiliker word*** – sodat kinders genoeg tyd kry om te oefen om langer aan te hou.
2. **Handspiere en koördinasie:** Kinders moet die meer eenvoudige take ***baie goed inoefen*** voordat ons vir hulle patrone, vorms en prente laat uitknip, want:

2.1. Die duim, voorvinger en middelvinger het baie oefening nodig om gemaklik te kan saamwerk

2.2. Baie herhaling is nodig om die basiese ritmiese bewegings in te oefen, en die spiergeheue te bou wat nodig is om handbewegings vloeiend te maak – voordat kinders begin om patrone en prente uit te knip

2.3. Die duimkant en pinkie-kant van kinders se hande het tyd nodig om te leer om opponerend saam te werk voordat daar van kinders verwag word om 'n skêr te midde van 'n knipbeweging te stop, die papier met die ander hand te draai, en van rigting te verander

2.4. Eenvoudige knipoefeninge versterk die spiere in die handpalm en web kinders se hande, ter voorbereiding vir gevorderde take. Ons kom kinders te na wanneer ons te vinnig aanbeweeg, omdat hulle hande dan later vinnig sal moeg word wanneer die opdragte moeiliker word.

3. **Bilaterale koördinasie:** Dit verg heelwat oefening vir die linker- en regterbreinhemisfeer om te leer om te koördineer soos wat hulle die dominante hand en die helperhand laat saamwerk.
4. **Oog-hand-koördinasie:** Knipwerk vereis dat kinders se hande onder leiding van hul oë sal beweeg en werk – en hierdie vaardigheid ontwikkel ook met baie oefening – oor tyd.

### + Demonstreer hoe om papier reg te skeur.

Papierskeur is net waardevol wanneer die linker- en regterhand in die proses oefen om saam te werk en die twee hande in opponerende rigtings beweeg.



### + Herinner kinders van die begin af aan drie belangrikse reëls:

1. Die duim van die kniphand moet ***boontoe*** wys.
2. Die duim van die helperhand moet ***bo-op*** die papier wees wanneer dit die papier vashou, en
3. Beide die elmboë moet ***vloer toe*** wys, en dus nie sywaarts van die kind se lyf af wegstaan nie.

Hierdie kind sukkel om die skêr te beheer omdat sy elmboog opgelig is.





Die oplossing is om 'n boek onder die arm vas te knyp sodat die elmboog afwaarts draai. So draai die hand dan ook sommer reg.

*Fotos: fun.strokes op Instagram*

### + Vier wenke vir die snip-fase (fase 1):

**1. Laat kinders toe om hul helperhand in fase 1 te gebruik as hulle wil, maar moenie daarop aandring nie.**

Die klem val in die snip-fase daarop om te oefen om 'n skêr met die dominante hand oop en al die pad toe te maak. Die rol van die helperhand is nog op die agtergrond. In hierdie fase kan ons nog papier, klei-toue en papierstroke vir kinders vashou en dit regdraai sodat hulle dit eenvoudig net in korter stukke kan leer snip.

**2. Laat beginners lang smal stroke papier met 'n enkele snip in kort stukkies knip.** Die volgende stap sal dan wees om die stroke breër te maak sodat die kinders kan oefen om 3 of 4 snippe direk na mekaar te maak soos wat hulle daardeur knip. (Maak die stroke geleidelik breër en tel die snipbewegings soms saam met 'n kind.)

**3. Aan die einde van die snip-fase, gebruik 'n kol om vir 'n kind 'n rede te gee om reguit vorentoe te leer knip.**

Maak 'n kol op 'n stuk papier. Die kind knip van enige plek op die rand in 'n spesifieke rigting – om by die kol uit te kom. Sommige kinders vaar beter wanneer 'n mens mondelings vir hulle beskryf wat om te doen, soos: "Oop – stoot vorentoe – oop – stoot vorentoe".

**3. Uitvalle begin dikwels aan die einde van die snip-fase opvallend word.**

Dis 'n rooivlag wanneer 'n kind ná vele oefensessies nie van snip na aaneenlopende knip vorder om 'n bladsy in twee dele te kan knip nie, sukkel om die skêr te beheer, kla dat die kniphand baie moeg word, baie deur die oefeninge gefrustreer word, en oefening probeer vermy. In so 'n geval sal dit wys wees om 'n arbeidsterapeut te gaan sien om te laat assesseer of daar probleme is met onderliggende vaardighede (bv. handspiere, bilaterale integrasie of visueel-motoriese vaardighede).

### + 'n Wenk vir die reguitlyn-en-boogfase (fase 2):

Wanneer kinders begin om op 'n boog te knip, is dit algemeen dat hulle aanvanklik hul elmboog oplig en hul liggaam draai om die skêr naby die lyn te probeer hou.

Hulle doen dit omdat hulle wel in hierdie fase hul helperhand gebruik om die papier vas te hou, maar nog nie weet hoe om die papier te draai nie. Dit help om eenvoudig te sê: "Draai die papier met jou helperhand."

## + Twee wenke vir die dinamiese-helperhandfase (fase 3):

**Wat kan ‘n mens in die finale fase verwag?**

Kinders begin dikwels nou om meer komplekse vorms uit te knip, soos kleiner sirkels, en later ook vierkante en driehoeke. Hulle leer om op ’n hoek tot stilstand te kom sonder om verby te knip, wat beteken dat hulle ’n sig-sag-lyn al hoe noukeuriger kan uitknip.

Verder maak ’n dinamiese helperhand dit makliker om golwende lyne en eenvoudige prente uit te knip—eers rofweg om die buitelyne, en met oefening al nader aan die lyn.

**Hoe weet ons dat kinders gereed is om te begin om prente uit te knip?**

Kinders is gereed om te begin om prente rofweg om die buitelyne uit te knip wanneer hulle ’n vierkant kan uitknip en die skêr op die presiese plek op ’n hoek tot stilstand kan laat kom met die lemme halfpad oop – in plaas daarvan om dit heeltemal toe te maak. Hulle draai die papier dan met die helperhand sonder om die posisie van die dominante hand te verander.

Só verander die skêr op die hoek van rigting, maar bly dit ook deurentyd op die lyn.

Dit is frustrerend om prente uit te knip voordat hierdie vaardigheid vasgelê is, omdat die kind dan nog gereeld sal moet stop om die helperhand te herposisioneer – en die skêr te skuif – wanneer daar van rigting verander moet word.

**Groete en beste wense tot volgende keer! Kontak gerus vir Wilna van Rooyen via Wilna@aonetwerk.co.za vir meer inligting.**